



# Die Olieelamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

## REDAKSIONEEL

Einde 2003 moes die Kaapse redaksie afskeid neem van Carina, wat nie net die Kaapse redaksie verlaat nie, maar sommer ook die Kaap. Carina, baie dankie vir al jou harde werk; mag die Here se seën ook met jou wees daar anderkant die Vaal.

22 Desember is die jaarlikse Olieelamp-bosberaad weer gehou. Al die redaksies het bymekaargekom by Tanya se huis. Nuwe idees en voorstelle het na vore gekom. Al die aanwesiges is positief oor die Olieelamp en is bereid om baie moeite te doen. Die bosberaad was baie nuttig en kan as suksesvol beskryf word.

2004: 'n nuwe jaar en nuwe vooruitsigte. Miskien is jy positief oor die jaar wat voorlê of dalk is dit net nog 'n jaar waar ons moet deur totdat die volgende lang vakansie weer aanbreek. Is daar nie in ons almal 'n angs vir wat voorlê, vir wat met ons sal gebeur hierdie jaar nie? As hierdie angs en ongerustheid aan jou vreet, lees Ps. 46, en veral vers 12: "Die Here van die leërskaar is met ons: die God van Jakob is 'n rotsvesting". Ons angs vir môre laat verdwyn die lof wat ons aan God moet betuig. Ons moet God loof oor vandag.

Ons hoef geen angs hê nie, want God is met ons. Die God woon in ons midde. Die wêreld maak 'oorlog' teen God. Alles lyk so rustig, maar ons moet God vra om ons oë oop te maak, sodat ons die oorlog sien en ook die eenheid wat daar in die wêreld is teen God en die wat in Hom glo. God is 'n rotsvesting vir ons. Hy sal vir ons veg. Ons mag by Hom skuil. Te midde van die wêreld mag ons in die hoë rotsvesting

skuil, terwyl Hy die stryd op Hom neem. Ons hoef nie alleen vooraan te staan nie, Hy neem die stryd op Hom. Ons kan Hom slegs loof en prys. Die wêreld staan teen God se kinders op, maar ons mag weet God staan vas en is onbeweeglik. As ons dan weer angstig is, kan ons by God wegkruip. Ons kom niks kort nie, want God is met ons. Geen angs. God is alles, laat ons Hom daarvoor prys, vandag.

Namens die Kaapse redaksie  
Sjirk

### *Jaargang 8 nr 1, Februarie 2004*

#### INHOUD

Redaksioneel	1
<b>Uit Die Woord</b>	<b>2</b>
Alle gelowiges is verplig om hulle by die ware kerk te voeg - Artikel 28	2
Daniël 1	3
<b>Op Pad</b>	<b>4</b>
Gejaagdheid en doel van ons lewe	4
A man on George street	5
<b>Voel Jy Ook So?</b>	<b>7</b>
Kuns en geloof (II) - Nederlandse stillewes in die 17de Eeu	7
Kontemporêre Religieuse Bewegings	8
<b>Kongres 2003 Opsomming</b>	<b>10</b>
Christelike Gesprek	10
Gesprek met God	11
Die drie GROOT G'S	12
Maak oop jou hart!	12
Eenheid oor taal- en kultuurgrense heen	13
<b>Deur Die Sleutelgat</b>	<b>14</b>
<b>Voetspore</b>	<b>15</b>
<b>Ander</b>	<b>16</b>

## ALLE GELOWIGES IS VERPLIG OM HULLE BY DIE WARE KERK TE VOEG – ARTIKEL 28

Ingrid Byker

Om die kerk te ken, is ons aangewese op God se Woord. Dát daar 'n kerk is, en wát hierdie kerk is, weet ons alleen uit die Bybel. As ons dus wil sê wat die kerk is, moet ons nie uitgaan van wat ons sien of ervaar nie, maar van wat daar in die Skrif gesê word.

Die kerk is dus 'n voorwerp van die geloof. Dit beteken egter nie dat die kerk 'onsigbaar' is nie! Glo staan nie altyd teenoor sien nie. Toe Jesus op aarde was en mense Hom tog duidelik kon sien, was dit ook alleen deur die geloof te sien dat Hy die Christus is. Dat die Bybel die Woord van God is, weet ons slegs deur geloof. So weet ons ook in geloof dat ons ons by die Ware Kerk van God moet voeg. Ons glo nie in die kerk nie, maar ons moet wel weet wat ons van die kerk glo.

Die NGB praat van die kerk as 'n versameling van dié wat verlos word. Hierdie belydenis kan wel aanleiding gee daartoe dat mense die opvatting het dat alle gelowiges tot die kerk behoort, dus 'n soort onsigbare, universele kerk. Maar verder lê die artikel wel sterk nadruk op die kerk as 'n sigbare, tasbare gemeente van Christus waarby die gelowiges hulle moet voeg. Uit die Skrif is dit ook duidelik dat dit so bedoel word: op baie plekke in die Nuwe Testament word gepraat van die

gelowiges wat as gemeentes vergader het; sien byvoorbeeld Handeling 11:26 en 1 Korinthiërs 14:23. Christus wou dit so hê sodat Hy die gelowiges beter kan versorg, en sodat nie een afdwaal nie. As daar reeds soveel dwalings in die wêreld is ten spyte van die kerk, hoeveel dwalings sou daar nie gewees het as elkeen op sy eie sy weg moes vind nie!

Daar is verskeie redes hoekom dit belangrik is om aan die ware kerk te behoort:

**1** Christus beveel dit, en gelowiges moet gehoorsaam. In Johannes 10:1-5 verduidelik Jesus aan die hand van 'n baie mooi gelykenis hierdie punt.

**2** Die eenheid van die liggaam van Christus moet bewaar word. In Efesiërs 4:1-6 word dit beklemtoon.

**3** Dit is belangrik vir elke gelowige, omdat Christus in die kerk sy versoening bedien aan die mense, deur prediking en die bediening van die sakramente. "As ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar" (1 Johannes 1:7a).

**4** Gelowiges moet mekaar ondersteun en

### REDAKSIES:

#### Pretoria

Redaktrise: Tanya de Vente [tanyadevente@absamail.co.za](mailto:tanyadevente@absamail.co.za)

Sekretaresse: Petra Ros

Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker

Illustrasies: Alex van Houwelingen

#### Maranata:

Redaktrise: Linda de Vente

Sekretaresse: Mirjam de Vries

Penningmeester: Erik Visser

Lede: Elizabeth Aartsma

Wilna Kerkhoff

Thys van de Hout

#### Kaapstad:

Redakteur - Sjirk Geerts

Artikelversorger - Corrien Geleynse

Artikelversorger - Carina van Alten

Teksversorging - Sandra Scheltens

Sekretaresse - Lieneke Eefling

Finansies - Albert Drijfhout

#### Administrasie & uitleg

Administratief en Finansies: Hilda Middeljans

Uitleg: Arjan Bijker [bijker@absamail.co.za](mailto:bijker@absamail.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.

Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:

<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

bemoedig, en daarom is saamkom in die kerk en saamleef in 'n kerklike gemeenskap belangrik. Paulus praat hiervan in Romeine 1:12.

5 Gelowiges moet by die Ware Kerk aansluit ter wille van hulle nageslag; daar is voorbeelde genoeg van totale verwêreldliking wat begin het by verwaarlosing van die kerkgang. Dit beteken nie dat iemand wat kerkloos is nie gered kan word nie, maar so 'n persoon begeef

hom wel op 'n verkeerde en gevaarlike pad. 6 Die kerk is 'n afbeelding van die ewige lof wat God toekom, soos beskryf staan in Openbaring 7:9-10: "... kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!"

---

## DANIËL 1

*Anna-Marie Eefting*

In die tyd van koning Jojakim van Juda het God sy volk en tempel oorgegee aan koning Nebukadnesar en die Babiloniese Ryk. 'n Hele aantal mense is as ballinge weggevoer. Van die begaafte jongmanne is vir drie jaar in die koning se paleis opgelei. Later is van hierdie jongmanne, ook Daniël, deur Nebukadnesar in diens geneem, selfs in belangrike staatsposte.

Hierdie opleiding is met opset op die jeug gemik - die toekoms van Israel. Nebukadnesar probeer om hulle totaal en al te 'verbabiloniseer'. Daarom word hulle volledig onderrig in die Galdeërs se skrif en taal. Dit sluit natuurlik ook die Galdese gewoontes en kultuur in. Selfs hulle name is verander. Verder was hulle ook verplig om van die koning se voedsel te eet en wyn te drink. Offervleis, koeke en wyn van die afgode - alles onrein en verbode in Israel.

In plaas daarvan om onderrig te word in kennis wat begin met die dien van die Here (Spreek 1:7), is hulle opgelei om onder andere deel te wees van die koning se toekomsvoorspellers, tot diens van die heidene. 'n Poging om God se verbondskinders te deurweek met 'n heidense gees.

In die boek Daniël word, net soos in die Openbaring van Johannes, Jerusalem en Babel direk teenoor mekaar gestel. Jerusalem, wat die Godstad, die hoofstad van die Koninkryk van die Hemele is. En daarteenoor Babel, die hoofkwartier van die ryk van die duisternis.

Die Joodse seuns is deur hierdie opleidingskursus onvermydelik in konflik

gebring met hulle voorvaderlike wette. Met die deurlees van die Babiloniese literatuur kon hulle nog dink wat hulle wou, maar die verpligte voedsel - in stryd met die Joodse spyswette - het hulle beginsels in gedrang gebring.

Hieruit is die listige aanslag van die Satan duidelik: om Dawid se geslag te verlei, hulle met afgodediens te verontreinig. Hy probeer Israel se geestelike weerstand breek en God se kerk met die volkere van die wêreld gelyk te stel. Dis die ewige stryd tussen God se Ryk en die ryk van die Satan; tussen die Kerk en die wêreld.

Christus handhaaf egter sy volk teen die hierdie aanslae van Satan. Daniël en sy drie vriende besluit om vrystelling te vra. Hulle kry toestemming op proefbasis en na 'n tyd was hulle nog mooier en gesonder as hulle medekursusgangers.

Tog is dit net hierdie vier jongmense wat opstaan vir hulle geloof. Boonop kom die inisiatief heel waarskynlik net vanuit een, naamlik Daniël. Wat het geword van die res van die massa jong Joodse ballinge? Dalk het hulle Daniël se houding as oordrewe beskou. Baie mense meen dat beginselvastheid gepaard gaan met koppigheid en stuursheid. Daniël het egter net 'n vriendelike versoek aan die hoofpaleisbeampte gerig. Die feit dat hy toestemming gekry het, getuig daarvan dat hy daardeur geen aanstoot gegee het nie. Hierdie volhardende geloof van Daniël en sy vriende is deur God beloon. Hulle het na afloop van die opleiding ereposisies by die koning gekry.

Soos hierdie vier jongmanne moet ook elke gelowige die omstandighede in sy of haar lewe opsom en bepaal hoe 'n gelowige lewenspatroon gehandhaaf kan word. Selfs die klein, skynbaar nietige aspekte behoort nie oorgesien te word nie.

Christus hou ons staande sodat ons kan volhard in die geloof en ons nooit met die wêreld 'Babel' sal gelykskakel nie. Mattheüs 24:13: "Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word."



## GEJAAGDHEID EN DOEL VAN ONS LEWE

*Marius Bijker*

Die lewe van vandag vra al hoe meer ... Stresvlakke styg, hoër verwagtings word gestel en die algemene gejaagdheid van die lewe styg. Alles word al hoe vinniger en die mens word ook gedruk om daarby te bly. Die vraag bly: Waarnatoe jaag ons?

Meeste van ons het seker al die uitdrukking 'Die lewe is nie 'n renbaan nie, maar 'n lewensbaan' gehoor. Ek glo dat die Westerse samelewing ons reeds so gebreinspoel het dat ons nie meer objektief na onself kan kyk nie. Onbewustelik (en somtyds bewustelik) bou ons voort op dit wat die wêreld ons leer en daardeur word ons hele lewe uit korrupte doelstellings en ideale saamgestel.

### **Gejaagdheid van ons lewe**

Niemand kan ontken dat die gejaagdheid in die wêreld toeneem nie. Wat erger is, is dat meeste van ons onbewustelik saamjaag na iets wat eintlik onbekend is.

As daar een ding in vandag se tye is waaroor ons moet waak, is dit seker om te sorg dat ons nie deur die wêreld 'ingesluk' word nie. As geld en goed jou eenmaal in sy mag het, glo ek, is dit ontsettend moeilik om weer daaruit te kom. Dit word dan 'n gejaag na meer geld, mag en plesier wat nooit ophou nie. Ons moet onthou dat niks op die hele aarde 'n mens regtig gelukkig kan maak nie. Ware geluk kan ook nie gekoop word nie, dus is hierdie gejaag regtig 'n gejaag na wind. Miskien met die uitsondering

van 'n paar studente is ek oortuig dat selfs baie van ons op die vinnigste manier moontlik 'bo' wil uitkom. Die probleem is egter dat mens NOOIT 'bo' sal uitkom nie, daar is altyd weer iets waarna mens jaag as die een doel bereik is.

Die konstante druk wat op ons afgedwing word om sosiaal aanvaarbaar (en volgens hulle gelukkig) te wees, word al hoe hoër. Volgens die wêreld is mens eers gelukkig as jou tweede strandhuis afbetaal is, daar drie luukse motors in jou motorhuis staan en 'n tweede oorsese vakansie per jaar niks ongewoons is nie. Is dit werklik geluk? Verder word ons so gebreinspoel dat geld direk gekoppel word aan geluk, die mees korrupte stelling wat ooit sal bestaan.

Die uitdrukking dat 'as jy kop bo water wil hou, moet jy saam met die stroom beweeg', word dikwels genoem as verskoning om jou gejaagdheid te verberg. Hier kan effense verwarring ontstaan, dus moet ons bly onderskei tussen oorlewing en gejaagdheid. Iemand wat Saterdag moet werk om sy gesin te kan onderhou, moet duidelik onderskei kan word van iemand wie se lewe net uit oortydwerk bestaan om sy nuwe vakansiehuis te kan betaal.

Nou kom die reguit vraag wat elkeen van ons moet beantwoord: Waarnatoe jaag ons? Na dit wat die wêreld ons voorgee geluk is, of dit wat God van ons vra? Wag 'n bietjie, is dit nie

effens te kras gestel nie? Nee, onthou dat mens nie Mammon en God tegelykertyd kan dien nie. Kom ons hou dit eenvoudig - wat is jou grootste wens in jou lewe? Sekerlik om gelukkig te wees - meeste van ons se definisie van geluk sal wees om gemaklik te lewe. Min probleme, baie geld en baie mense wat van jou hou. Iets oor kerk of geloof in hierdie tipe geluk?

### **Doel agter dit wat ons doen**

Almal van ons ken die teorie agter hierdie vraag. Alles wat ons doen, moet nie tot eer van onself wees nie, maar tot eer van God. Die toepassing hiervan is egter moeiliker as wat ons dink. Persoonlik dink ek dat ons die volgorde dikwels omkeer: eers myself, dan ander mense en laaste God. Dit is ook die norm wat ons voorgehou word en sonder om te besef, word ons geloofsluwe so beïnvloed dat alles mooi omgedraai word.

As mens sielkundig, en selfs bietjie filosofies, hierna kyk, is ek daarvan oortuig dat meeste van dit wat ons doen daarop gerig is om ander rondom ons te beïndruk, selfs partymaal meer as die voordeel wat ons self daaruit trek. Neem maar die eenvoudige voorbeeld van 'n moderne motor - elke pennie wat ekstra betaal is, was definitief nie net vir betroubaarheid nie, maar definitief ook vir die *image*.

Alles mooi en pragtig, maar wat kan ons as jeug daaraan doen om dinge reg te kry? Eerstens moet ons weereens besef waaroor die lewe gaan. Daarom moet ons ook in sy Woord na dit soek waarvolgens Hy wil hê ons moet lewe. Ja, Hy wil sien dat ons gelukkig is, maar dat alles in ons lewens om Hom draai. Eers liefde tot Hom, dan ons naaste en laaste onself. Dit is beslis iets waaroor ons moet bid, dat Hy ons

harte kan vernuwe sodat alles wat ons doen, eers tot sy eer gedoen word. Onthou, ons is Syne, Hy het ons uit ons EIE sonde geruk tot Hom, ons hele lewe draai om Hom. As ons op onself wil leef met ons in die middelpunt, is 'n mislukte en ongelukkige lewe gewaarborg.

Ons is jonk en mag definitief alles om ons geniet en verder is daar niks verkeerd om 'n mooi motor te koop nie. Alles gaan oor die motief agter dit wat ons doen en dit moet daarom tot eer van God gedoen word. Selfs dit wat vir ons die simpelste ding mag wees, moet steeds tot sy eer gedoen word. Beteken dit dat ons eers mooi moet dink oor ALLES wat ons doen? Ons hoef seker nie oor elke tree wat ons neem eers God se 'goedkeuring' daarvoor te vra nie? Weereens gaan alles oor die motief en doel daaragter.

### **Ware geluk**

Wat is ware geluk? In die artikel het ons reeds gesien wat ons voorgehou word as geluk. Hierdie sogenaamde geluk draai weereens net om myself. Ware geluk is sekerlik die vrede wat ons mag ervaar om te weet dat Christus vir ons sondes gesterf het en dat Hy ons voorspraak by die Vader is. Hy het ons verlos! Ons is God se kinders, ons mag net soos ons is tot Hom kom en Hy wil ook met ons praat sodat ons alles met Hom deel en die lewe deurgaan met sy liefde. Om te lewe met die wete dat Hy jou reeds verlos het en dat sy liefde vir ons groter is as alles wat bestaan, bring ware geluk. "Kom na My almal wat dors en honger na die geregtigheid, want ek sal hulle brood en water van die lewe gee, verniet!". Hierdie ware geluk kan hoegenaamd nie vergelyk word met die tydelike, nagmaakte, korrupte geluk wat ons voorgehou word nie.

---

## **A MAN ON GEORGE STREET**

**Evangelism can at times be discouraging work, especially when you see no results. But just because you don't see how God is using you doesn't mean He isn't. What follows is an edited transcript about a man God did use. The man was not reformed, but his story is worth telling.**

A number of years ago in a Baptist church in Crystal Palace in southern London the Sunday morning service was closing and a stranger stood up at the back and said, "Excuse me pastor, can I share a little testimony?" The pastor looked at his watch and said "You have three minutes" and the man proceeded.

"I just moved into this area," he said. "I used to live in another part of London. I came from Sydney in Australia and just a few months back while I was visiting some relatives, I ended up walking down George Street. You know where George Street is in Sydney, right? It runs from

the business hub out to the rocks in the colonial area. A strange little white-haired man stepped out of a shop doorway, put a pamphlet in my hand and said, 'Excuse me sir, are you saved? If you die tonight, are you going to heaven?' I was astounded by those words - nobody had ever asked me that. I thanked him courteously and all the way back to Heathrow this puzzled me. I called a friend who lived in this new area where I'm living now and thank God he was a Christian - he led me to Christ - and I'm a Christian today and want to join this fellowship." Baptists love testimonies like this! Everyone applauded and welcomed him to the fellowship.

### **Adelaide**

Now the pastor of that Baptist church flew to Adelaide in Australia the next week. Ten days later, in the middle of a three-day teaching series there, a woman came to him for counseling.

The pastor wanted to establish where she stood with Christ. She said: "I used to live in Sydney and just a couple of months back I was visiting friends in Sydney doing some last-minute shopping down George Street when a strange little white-haired man stepped out of a shop doorway, offered me a pamphlet and said, 'Excuse me ma'am, are you saved? If you die tonight, are you going to heaven?' I was disturbed by those words. When I got back to Adelaide I knew this Baptist church was on the next block from me and I sought out the pastor and he led me to Christ. So sir, I am telling you I am a Christian." Well, this London pastor was now very puzzled. Twice within a fortnight he'd heard the same testimony.

### **Keswick, the Caribbean and Atlanta**

Now this London preacher flew back to the UK and was speaking to the Keswick Convention in the Lake District, and he threw in these testimonies. At the close of his teaching session four elderly pastors came up and said, "We got saved between twenty-five and thirty-five years ago, respectively, through that little man on George Street giving us a tract and asking us that question."

He then flew the following week to a similar convention, in the Caribbean, to missionaries. He shared the testimonies. At the end of his teaching session, three missionaries came up and said, "We got saved between fifteen and twenty-five years ago, respectively, through

that little man's testimony and asking us that same question on George Street in Sydney."

### **Sydney!**

Well, eight months later that Crystal Palace pastor was preaching in Sydney, in Gympsea - a southern suburb of Sydney - and he said to the Baptist minister, "Do you know a little man, an elderly little man who witnesses and hands out tracts on George Street?"

"I do. His name is Mr Genor. But I don't think he does it anymore; he's too frail and elderly."

The London preacher said, "I want to meet him". Two nights later, he knocked on the door, and this tiny frail little man opened the door. He sat them down and made them some tea and he was so frail he was slopping tea into the saucers as he shook. As he sat with them, this London preacher told him all these accounts over the previous three years. Mr Genor sat with tears running down his cheeks.

He said, "My story goes like this: I was a rating on an Australian warship and I lived a reprobate life. And in a crisis - I really hit the wall - one of my colleagues, who I gave literal hell, was there for me, and he led me to Jesus Christ and the change in my life was night to day in 24 hours. And I was so grateful to God, I promised God I would share Jesus in a simple witness with at least ten people a day, as God gave me strength - sometimes I was ill; I couldn't do it, but I made up for it at other times. I wasn't paranoid about it. But I have done this for over forty years, and in my retirement years the best place was on George Street - there were hundreds of people! I got lots of rejections. But a lot of people courteously took the tracts. In forty years of doing this I've never heard of one single person coming to Jesus, until today."

Now I would say that has to be commitment. That has to be sheer gratitude and love for Jesus, not hearing of any results. We did a little count - that's 146100 people that simple little non-charismatic Baptist man influenced, somehow to Jesus. And I believe that what God was showing that London preacher was just the tip of the tip of the iceberg. Who knows how many more have been arrested for Christ and were doing huge jobs in the mission field!

Mr Genor died two weeks later. Can you imagine the reward he went home to in

heaven? Nobody except a little group of Baptist in southern Sydney knew about Mr Genor, but I tell you, his name was famous in heaven. You

can imagine the welcome he went to when he arrived in glory.

Uit: *Reformed Perspective*, Junie 2003

---



# Voel jy ook so?

---

## KUNS EN GELOOF (II) – NEDERLANDSE STILLEWES IN DIE 17DE EEU

*Alex van Houwelingen*

In die vorige uitgawe is al begin om die (kerk)geskiedenis na aanleiding van destydse kuns te bestudeer. Die fokus is op 'n sekere kunstenaar/kunsbeweging en die verwysing wat sy werk na die gebeure in die kerk en wêreld het. Hierdie maand is die fokus op Nederlandse stillewes met as hoofvoorbeeld Willem Claesz Heda se *Stillewe met oesters, rumglas en silwerbeker*.

Nederland het in sy Goue Eeu (die sewentiende eeu) 'n aantal bekende Groot Meesters op kunsgebied voortgebring. Rembrandt, Vermeer, Jacob van Ruysdael, Jan Steen en Frans Hals om net enkele voorbeelde te noem. Dit was woelige tye. Nadat die hervorming plaasgevind het, het amper die hele Nederland in die Calvinistiese stroming ingegaan. Die rol van kuns moes toe 'n drastiese verskuiwing ondergaan. In die Rooms-Katolieke Italië en Spanje was die onderwerpe van skilderye hoofsaaklik die Maagd Maria en die meer bekende fases uit Christus se lewe, soos sy geboorte, sy sterwe, sy opstanding, die Hemelvaart en ook die Wederkoms. Verder het beeldhouers altyd werk gehad, omdat daar vanuit die kerke 'n groot vraag was na beelde van die heiliges. Nederland was egter Calvinisties en fel gekant teen beelde in die kerk en die aanbidding van die heiliges. Tog was hulle Christelik. Die vraag was nou wat hulle moes skilder, terwyl hulle tog Christelike kunstenaars was. Rembrandt het die probleem opgelos deur 'minder bekende' Bybelse verhale te skilder, soos Dawid wat harp speel vir Saul en ook die werke van Jesus op aarde, soos die vermeerdering van die brode en die storm wat Jesus stilgemaak het. Tradisioneel Rooms-

Katolieke onderwerpe is so ver as moontlik vermy.

Die Calvinistiese lewensuitkyk wat destyds in Nederland geheers het, het kuns grootliks beïnvloed. Aangesien die gereformeerde leer onder Johannes Calvyn skrikkerig vir - of selfs teen - hiërgie in die kerk was, het die geloofslawe 'n drastiese verskuiwing gemaak van die kerk na die huis. In die Roomse Kerk is ongeveer alle geloofsaksies (soos bid, sing en Bybel lees) deur 'n priester of 'n ander kerklik-hooggeplaasde gedoen. Na die hervorming het Calviniste egter sêlf Bybel geles, as gesin gebid, as gesin psalms gesing, ensovoorts. Skilderye kon dus die geloof aanraak, alhoewel dit skynbaar huislike temas het.

Hieruit het die bekende fenomeen, naamlik Nederlandse Stillewekuns ontstaan. Ondanks die tradisionele eenvoudigheid waarvolgens Calviniste (ge)leef (het), was die Nederlandse skilder van die sewentiende eeu oor die algemeen tog wel bietjie trots op die land se rykdom en die goeie lewe wat almal kon lei. Daarom sal mens baie keer in die stillewes voorwerpe kan sien soos vrugte, blomme, goud- en silwerwerk, drinkglase, oesters en duur materiaal. Maar ondanks die verwysing na die goeie lewe, was die stillewes omtrent altyd Vanitas-skilderye. Dit beteken dat die skilderye altyd verwys het na die verganklikheid van die lewe. Te midde van die luukshede is dan ook baie keer voorwerpe te sien soos 'n skedel (dood), 'n trompet (oordeelsdag), speelkaarte (die aas van skoppens verwys na die dood) of 'n luit met 'n gebreekte snaar, wat ook na die verganklikheid van die lewe wys. Die spieëling in die blink voorwerpe is soos 'n spieël wat die

skilder voor die kyker plaas. 'n Spieël van elkeen se eie lewe, van sy eie sondes en 'n waarskuwing dat die lewe verganklik is en dat elkeen se eie dood, maar ook Christus se wederkoms (en dus sy oordeel) enige tyd kan aanbreek. Dit is soos 'n huislike uitbeelding van Lukas 12:40: *Julle moet ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.*

Willem Claesz Heda is 'n redelik onbekende skilder, omdat hy in die skaduwee staan van Rembrandt en Vermeer, maar hy is 'n meester in stillewes. Amper al sy werke is stillewes. In die *Stillewe met oesters, rumglas en silwerbeker* sien mens 'n donker skildery. Daar is 'n tafel met daarop 'n bord met oesters, 'n gebreekte glas, 'n halfgeskilde lemoen, 'n halfgevalde rumglas, 'n silwerbeker wat omgeval het en 'n glas met bier. Alles is in 'n goed georganiseerde komposisie.

In Heda se skildery geld 'n balans van aardse vermaak en die verganklikheid daarvan. Die

oesters is 'n luuksheid en ook 'n simbool van seksuele uitspattigheid. Verder is daar 'n silwer wynbeker en oorgenoeg drank, wat ook alles wys op aardse vermaak en 'n welgestelde lewe. Maar Heda se skildery plaas bogenoemde alles in perspektief. Agter die bord met oesters is 'n gebreekte glas. Dit wys op die verganklikheid van al hierdie vermaak. As die glas gebreek is en die wyn op is, wat bly dan nog van dit alles oor? Verder is die bier- en rumglas net half gevul. Die boodskap hier is dat vermaak met matigheid goed is. Die mens mag ontspan en mag homself geniet, maar oordadigheid is verkeerd. Die halfgeskilde lemoen wys op die onverwagsheid van die wederkoms of die dood. Deur dit saam met die vermaaklikheidsvoorwerpe te plaas, herinner dit mens aan die tien wyse en die tien dwase meisies. Elke persoon moet gereed wees vir die Dag van die Here. En al is die mens uit homself tot niks in staat nie, is dit nodig om tog elke dag weer tot bekering te kom en elke dag daarin God se hulp te vra. Die lewe is miskien 'n geval van Vanitas, maar God se genade nie.

---

## KONTEMPORÊRE RELIGIEUSE BEWEGINGS

### *Wilma Lubbinge*

Ons word daagliks bewustelik en onbewustelik gebombardeer met verskillende religieuse bewegings en verskillende toepassings daarvan. Dit is baie selde dat mens 'n suiwer uitlewing van die verskillende bewegings sien. Elkeen pas dit aan om by sy of haar unieke lewe te pas. Hier volg 'n feitelike weergawe van 'n paar van sulke religieuse bewegings.

#### **a. Erich Fromm**

Eric Fromm het die gedagte van radikale humanisme begin. God is nie 'n realiteit nie, maar eerder 'n poëtiese uitdrukking van die hoogste waarde, het hy gesê. Die eenheid van die menslike geslag moet beklemtoon word. Die mens kan hulle eie mag ontwikkel. Volgens Fromm moet die mens innerlike harmonie en vrede ontwikkel met die wêreld. Die mens moet deur illusies en fantasie penetreer om totale bewustheid van die realiteit te ontwikkel en selfstandig te raak.

Fromm het ook as psigoanalise gepraaktiseer en tot die gevolgtrekking gekom dat die mens nie

in God hoef te glo om bekommerd te wees oor die siel nie. Die siel is nie bonatuurlik nie, maar 'n natuurlike, menslike realiteit. Ons sien onself nie meer as deel van die natuur nie en kry swaar omdat ons die oorspronklike staat van eenheid met die natuur verloor het. Fromm sê dat bestaan as sulks 'n probleem is en 'n oplossing verg. Fromm het besluit dat daar twee maniere is om te bestaan: om te besit en om te wees.

#### **Om te besit**

Om te besit beteken om oor geld, besittings en status te beskik. Dit is veral belangrik in die Westerse wêreld. Geluk kan besit word. God is 'n afgod. Om te besit beteken ook dat jy nie vir jouself kan dink nie, maar slaafs volg wat ander formuleer. Jy het onskudbare sekerheid, omdat dié wat die geloof formuleer so onafhanklik is.

#### **Om te wees**

Om te wees beteken dat die mens 'n verwysingsraamwerk en 'n voorwerp om te aanbid nodig het. Geloof kan dus afbrekend of versterkend wees. Volgens Fromm is daar twee



tipes religieë, naamlik: outoriteit en humanisme. Outoriteit beteken dat die mens sekuriteit verkry deur gehoorsaam en onderdanig te wees. Ongehoorsaamheid sal gestraf word. God is alles, die mens is niks.

Humanisme beklemtoon die mens en sy krag. Die ervaring van eenheid met die Alles is belangrik. Die mens moet gekonnekteer wees met die wêreld deur rede en liefde. Volgens Fromm is dit dus bevryding en opwekking vir gelowiges en ongelowiges om na te streef.

### b. Onsigbare religie

Onsigbare religie kan gesien word as 'n religie wat nuut, privaat, subjektief en nie-tradisioneel is. Dis 'n nuwe religie en kyk anders na die verhouding tussen die samelewing, die individu en religie. Religie verdwyn nie, maar kom in 'n ander gewaad voor, naamlik:

- Outonomie van die individu. Elke mens is op soek na sy of haar private identiteit.
- Individue ondersoek die tradisionele denke en maak hulle outonome besluite.
- Die individu soek maniere om hom- of haarself uit te druk en tot selferkenning te kom. Die soeke is beperk tot die private sfeer en word dikwels gesoek in familiebande en seksuele ervarings. Dit moet dan uitdrukking gee aan die uiteindelijke betekenis van religie.

Die individu streef na selfoordraging in sy sekslewe. Die huis en die familie is verlengings van die private sfeer en gaan verby die grense van solidariteit van die individu. Dit verskil van die seksuele ervarings deurdat dit meer stabiel is en meer aanpasbaar is by en aanvaarbaar is vir tradisionele religie.

Die mens streef na groter selferkenning deur groter mobiliteit in beroepe en plekke vir werk en woon. Die moderne kosmos word gesien as heilig en is een van die hoekstene in die subjektiewe stelsels vir totale betekenisvolheid.

### c. Holisme in New Age-denke

Die term 'holisme' word gedefinieer as: Alles is onderling afhanklik van mekaar en is deel van mekaar. Daar kan nie gesê word wanneer die een ophou en die ander begin nie. Die ingewikkelde vlegwerk veroorsaak dat alles in alles is. En alles mekaar beïnvloed.

Holisme maak dit baie moeilik om te onderskei tussen kosmologie, konsep van God en antropologie. Die natuur, God en die mens is nie losstaande objekte wat bestudeer en beskryf kan word nie. Alles en almal is een.

- Kosmologie: Dit is die manifestasie van God. Alles is besig om na 'n toestand van perfeksie te ontwikkel deur middel van reïnkarnasie en positiewe karma. Die mens word verskeie lewens op aarde gegun om so al die lewenslesse te leer.
- Konsep van God: God is Alles en alles is God. God en die mens is so verweef dat daar nie onderskei kan word tussen die een se begin en die ander se einde nie.
- Antropologie: Mense is spirituele wesens wat deur God geskep is. Die mens beskik oor dieselfde kwaliteite as God, omdat hulle een is met hom. Die mens skep sy eie realiteit en moet daarom aanspreeklikheid daarvoor aanvaar. Alles gebeur met 'n doel en is 'n belangrike les vir die lewe.

Holisme word deur New Age-aanhangers beleef deur hulle na 'n ander dimensie te verplaas. Dit gebeur gewoonlik deur middel van meditasie. Die meditasie kan tot voordeel van die individu sowel as die hele mensegeslag wees. Sommige groepe glo dat hulle deur meditasie die gang van die lewe en gebeurtenisse kan bepaal.

Holistiese praktyke word ook deur sommige dokters gebruik om siektetoestande te genees deur dat daar na die oorsaak van die siekte en die manifestering daarvan in die liggaam te kyk.

BRON:

Kruger, J.S., Lubbe, G.J.A. & Steyn, H.C. 1996. **THE HUMAN SEARCH FOR MEANING. A multireligious introduction to the religions of humankind.** Pretoria: Via Afrika

# Kongres 2003 Opsomming



## CHRISTELIKE GESPREK

Desondanks die warm saal het dié lesing die meeste van ons geïnteresseer juis omdat dit baie aktueel is. Hoe voer ek 'n Christelike gesprek met 'n medejeuglid? Die lesing is voorafgegaan deur 'n klein toneeltjie waarin ons die "regte" en "verkeerde" sêdinge en houdings uitgewys het.

Hoekom kan ons baie dinge vir die Here sê, maar is ons te bang om dit met ons vriende te deel? Ons is bang om oop te maak teenoor mekaar as gevolg van **kwesbaarheid**. Ons is bang om seer te kry. Wat gaan die ander persoon van my dink? Dit is baie belangrik dat ons kommunikeer. 'n Persoon wat nie kan kommunikeer nie, voel asof hy in 'n tronk sit. Kommunikasie is die polsslag van elke verhouding. W.E.G. Louw het gesê: "Woorde lê die oortrapklippe vir ons denke."

Hoekom het God kommunikasie gegee? Sodat ons met ons naaste kan kommunikeer, mekaar kan opbou en mekaar kan oproep. Ons leef met mekaar deur middel van kommunikasie.

'n Paar van die remmings in kommunikasie is: vyandskap, selfbeeld, verskillende interpretasies, die nie-omgee-houding - 'whatever', moedeloosheid, kultuurverskille,

*Tanya de Vente*  
**Spreker: Mev. G. de Vries**

agtergronde, sinkretisme, konflik, kennis, individualisme, groepsdruk en ook 'n gevoel van onveiligheid. Hierdie remmings moet oorbrug word alvorens kommunikasie kan plaasvind.

### **Vaardighede wat belangrik is vir 'n gesprek:**

- ? Bid God vir wysheid en krag om die regte dinge te kan sê.
- ? Staan langs jou vriend as jy met hom of haar wil praat oor iets, moenie bo jou vriend staan nie.
- ? Moenie 'n houding inneem dat jy beter is en weet nie.
- ? Luister, luister en luister wat jou vriend te sê het.
- ? Moenie verwyt nie.
- ? Wees positief. Wees opreg - wat is jou motivering?
- ? Moenie aanvallend wees nie.
- ? Waak vir 'geestelike terrorisme'.
- ? Speel die bal, nie die persoon nie.
- ? Dit moet die regte atmosfeer wees, die regte tyd.

**Onthou:** Die skrif gee kennis vir enige situasie. Jy moet kennis en ervaring hê om te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is. Gaan in die gesprek in met die gedagte: "ek weet nie

alles nie". Sien jou afhanklikheid van die Here. Doen wat jy sê - jou woorde beteken niks as jou daade nie daarmee ooreenstem nie! God se Woord moet diep in jou hart gegrendel wees. Slegte gesprekke bederf die sedes.

Dit was 'n geweldig interessante werkwinkel, veral ook omdat die tema iets is waarmee elkeen van ons daaglik te doen het. Hopelik kon elkeen van ons iets van dié werkwinkel huis toe neem om toe te pas in ons lewe.

---

## GESPREK MET GOD

**Naomi Schuring**  
**Spreker: Mev. Inge de Visser**

Die eerste spreuk waarmee ons gekonfronteer is: "life is fragile, handle with prayer ....."

Die eerste vraag wat ons ons moes afvra: Vir wie maak jy jou hart altyd oop? Dit is tog intiem? Ons is bang om alles vir mense te vertel, selfs jou beste vriend/in, maar jy kan met jou hele wese na God toe gaan. Hy ken jou immers die beste en Hy luister! Dit kan ons bevestig toe ons moes nadink of God ons gebede deur die jaar werklik verhoor het aldan nie en toe met blydschap en dankbaarheid tot die besef gekom het dat God werklik gebede verhoor!

Bybel lees en gebed gaan saam. Jou gedagtes moet gekoppel wees aan die Bybel. Die Bybel lei jou gedagtes. Jou gebed kan onder andere die struktuur van die Onse Vader dra en dit laat jou meer besef hoe dringend jy die Bybel nodig het.

Die gebed is ook daar om antwoorde by God te kry, want is God dan nie self Die Antwoord nie? Ons moes ons afvra: watter antwoorde soek jy? Daar is vrae wat nie bedoel is om die antwoord op te weet nie. Jy mag jou 'waarom-vrae' by die Here bring, maar soos Oswald Chambers tereg gesê het: "Die werklike waarde van gebed is nie dat dit ons by antwoorde uitbring nie, maar by God."

Die gebed gee 'n gevoel van afhanklikheid. Om te bid is om te wandel, te LEEF met God (bv. soos Henog). Jou lewe moet 'n gebed wees, en nie slegs omdat jy moet nie, maar wil! Neem Kristiana Gregory se raad ter harte: "If you do not walk with Him on the way, you will not find Him at the end of your journey."

Soos die psalmdigter ons leer uit Psalm 32, moet jy bereid wees om jou sondes by hul name te noem en dit na God te bring deur gebed met dien verstande dat jy meer bewus sal lewe en die sonde daardeur afweer.

Soms het jy 'n skuldgevoel oor sonde. Jou hart wil nie en jy wil nie daarvoor bid nie, want dit is so lekker. Die onwil en skuldgevoel laat ons teen mekaar opweeg en ons kan saamstem met John Bunyan: "Gebed kan 'n mens van sonde weghou, of sonde sal jou van gebed weghou."

Dit gebeur soms dat jou hart vol is, maar jy het nie woorde om dit uit te druk nie. Dan is dit die vraag of ons saamstem met John Bunyan: "Wanneer jy bid, is dit beter om 'n hart sonder woorde te hê as woorde sonder hart?", asook Luther: "Hoe minder woorde, hoe beter goed", maar ook met die bedoeling dat God geen ydele herhaling verlang nie.

'n Belangrike aspek van die gebed is dat ons God moet loof. Jy moet bereid wees om onselfsugtig te bid en God se Naam groot te maak, want is dit nie waar wat Chrisostomos gesê het nie: "Gebed sonder lof is 'n roos sonder geur"? Of soos Meander: "Gebed sonder lof is soos 'n soen deur 'n sluier"?

Volhard in gebed, maar volhard ook om te bid vir iets spesifiek. Wees die slak wat deur volharding ook in die ark gekom het en aanvaar God se wil. Sy wil is goed, welgevallig en volmaak.

*Mag die eerste spreuk vir altyd by jou bly,  
wandel langs Christus se sy,  
loof Hom, Hy het vir jou gely  
praat met Hom, in plaas van my  
die lewe is so gou verby.*

---

## DIE DRIE GROOT G'S

*Eunice Boessenkool*  
**Spreker: Mev. Margo Middeljans**

Na 'n nag van muskiete jag bly daar 'n hele klomp littekens agter wat hopelik sal verdwyn binne 'n week of so. So moeg en krap-krap het ons die tweede lesing aangedurf.

Ons moes ons groep verdeel in drie groepe en elke groep het dan een van die drie temas gekry: Gees, Geloof of Gawes. 'n GROOT plakkaat is aan elke groep gegee en elke persoon in die groep het 'n teksvers gekry om te lees en dan sy weergawe of boodskap van sy tema op die plakkaat neer te skryf (met rustige agtergrondmusiek).

Nadat tyd gegee is om die take af te handel, het almal saam weer een groep gevorm om al drie temas saam te kan bespreek, aangesien een groep nou baie meer weet van die Gees, Geloof of Gawes as die ander. Daar is tyd gegee vir elke groep om sy individuele woorde op die plakkaat met almal te deel en enige onbeantwoorde vrae te bespreek. Van die vrae was: Wat beteken dit dat die Heilige Gees die Trooster is vir ons? Werk die Heilige Gees in ongelowiges?

Nadat alle vrae beantwoord is en almal tevrede was, het ons die drie temas saamgebring. God gee die Gees aan almal wat Hy uitverkies het. Die Gees werk 'n ware Geloof in my. Die ware Geloof moet sigbaar wees in die Gawes wat ek as ware Gelowige het. Daardie Gawes moet ek ook tot opbou van die gemeente en my naaste benut.

Na die bespreking was daar geleentheid vir elke persoon om anoniem op 'n plakkaat neer te skryf wat vir hom baie belangrik was in die bespreking. Wees gerig op God. Werk tot eer van God. God werk deur ons, ons self is niks, maar uit genade wil ons werk vir Hom alleen.

Ek dink die lesing het elkeen van ons aangemoedig om verder te dink oor 'n teksvers, wat dit werklik beteken en watter onduidelikhede kan voortspruit uit twee tekse wat so na aan mekaar is, maar tog twee verskillende boodskappe bring. Elkeen het persoonlik kans gekry om 'n belangrike boodskap saam met hulle te neem.

---

## MAAK OOP JOU HART!

*Marlene de Vente*  
**Spreker: Mev. Annie van der Hout**

Wat is jou hart? 'n Pomporgaan om jou aan die lewe te hou? 'n Bron van emosies? Is jou hart vol? Waarvan?

Jou hart is soos 'n huis. God skryf op die mure van jou hart. Hy sluit 'n verbond met jou. Hy gee sy belofte van vergewing, maar daar is ook 'n eis waaraan jy jou moet hou. Jy moet sy Wet gehoorsaam en meer soos sy seun Jesus Christus word (Heb. 8:10-12). Dit kan net gebeur as Christus in jou hart kom woon.

My hart is dan absoluut nie aantreklik nie! Inderdaad, Christus kies glad nie 'mooi' harte om in te woon nie. Hy kies harte wat Hy kan veränder: harde harte, kliphard. By die sondeval het ons harte sleg geword (Gen.

8:21), daarom moet Christus kom om dit te verander, te herskep, sodat jy weer 'n hart van vlees kan hê (Skrifberyming 14).

Christus woon én werk in jou hart. Hy rig jou hart, sodat jy voetspore op God se weg trap. Daarvoor gebruik Hy die Bybel en sy Gees.

Ook óns moet aan die werk. Ons moet wys vir die wêreld Wie in ons harte woon. Ons moet voorbeelde wees. Christene wees. Die wêreld moet kan lees wat God op ons harte skryf. Hoeveel te meer ook moet ons familie in die geloof ons harte kan lees, sodat ons mekaar opreg en van *harte* kan help om die Here te dien! Ons moet mekaar in die hart kyk en vol

begrip en vertrouwe mekaar opbou. So bou ons aan die eenheid in Christus!

*Die deure van jou hart*

*En die vensters: Maak dit oop!  
Sodat almal rondom jou kan sien  
Wie in jou woon en Wie jy dien.*

---

## EENHEID OOR TAAL- EN KULTUURGRENSE HEEN

**Gerda Aartsma**  
**Spreker: Ds. A. de Visser**

In die algemene samelewing is die eerste vraag waarna ons gekyk het: Wat het gebeur in die verhouding tussen die rasse die afgelope 10 jaar na die amptelike einde van apartheid? Is daar meer toenadering gevind of is daar nog steeds aparte kompartemente in die samelewing? SA is 'n land met verskillende tale en kulture; die rasaspek speel nog altyd 'n rol; wetlike apartheid is vervang deur 'natuurlike' apartheid.

As ons na ons eie kerkverband kyk, sien ons statisties gewys dat die getal swart en bruin lidmate in hierdie tien jaar verdubbel het en die blanke lidmatetal min of meer dieselfde gebly het. As ons dus ekstrapoleer na nog 10 jaar verder, kry ons 'n situasie dat die swart lidmate in die meerderheid is, dat swart broeders in die meerderheid is op klassisse en sinodes, ensovoorts. Vandag in die kerkverbandelike struktuur het ons twee klassisse waarin al die gemeentes saamkom, met 'n verdeling wat nie op taal/kultuur/ras gebaseer is nie.

So, die volgende vraag is: Is daar eenheid oor die taal- en kultuurgrens heen? Tussen die Pretoria- en Soshanguve-jeug is daar goeie kontakte, wat 'n baie positiewe punt is, maar in hierdie stadium is dit veral 'n formele eenheid, waar die eenheid in die praktyk nog min beleef word.

Watter beginsels speel 'n rol? Twee basiese beginsels:

- Elke plaaslike kerk is volledig kerk en staan onder die hoof, Christus; geen kerk mag oor 'n ander kerk heers nie; ook die kerkverband mag nie oor die plaaslike kerk heers nie. Ons eerste roeping is in ons eie plaaslike gemeente.
- Daar is eenheid in Christus, omdat HY die hoof is van al sy gemeentes; daardie eenheid moet in die praktyk beleef word,

daarom is daar byvoorbeeld gesamentlike vergaderings waar sake van gemeenskaplike belang bespreek word, kerkvisitasies, 'n gemeenskaplike belydenis en sekere afsprake oor die styl van erediens, die tug, die ampte, ensovoorts.

Hoe moet ons hierdie twee beginsels in praktyk toepas? Om dit te antwoord moet ons ook kyk na verwagte toekomstige ontwikkelings. Wat is ons visie vir die toekoms? Wil ons 'n kerk wees vir enkele volke van SA (Afrikaners, Kleurlinge, Sotho's) of wil ons 'n kerk wees vir die hele SA-samelewing?

Wat word van my persoonlik verwag? 'n Paar riglyne:

\* Dit is die Here se kerk, omdat ek in Hom glo, behoort ek ook sy kerk lief te hê. Almal is geroepe om sy werk in liefde te ondersteun, in gebede, belangstelling, ensovoorts.

\* Daar is verskillende gawes in die kerk. Nie almal kan metterdaad evangelisasiewerk doen nie, ook nie dadelik goed kommunikeer oor taal- en kultuurgrens heen nie. So, laat diegene wat die gawes het, dit gebruik.

\* Moet daar gesamentlike jeugkonferensies wees? Ek het my vrae daaroor. As die doel is om mekaar op te bou in die geloof, dan sal dit goed wees. Maar as die doel van die konferensie is om plesier te hê, dan liever nie! Ek het self nog altyd bedenkinge gehad oor die vraag of ons swart jongmense op blanke jeugkonferensies moet kom. Solank daar op die blanke jeugkonferensies probleme is rondom drank, ensovoorts, sê ek: liever nie. Maar ek sou dit toejuig as daar byvoorbeeld 'n gemengde jeugvereniging tot stand kom, bestaande uit aktiewe jeug uit Pretoria en Soshanguve, wat die ernstige doel het om Bybelstudie te doen en onderwerpe te bespreek.



# Deur die sleutelgat

## Heil Die Leser!

Met baie genot bring ek julle die nuus en gebeure rondom die jaarlikse fees bekend as Kongres. Ek het êrens gelees hoe iemand dit beskryf as ANC, met ander woorde A Nice Congress.

So, sonder enige advertensieflitse of voorbehoud gee ek julle ... Kongres 2003:

Voor mens Kongres kan beleef, moet mens eers die ys breek. Op gepaste wyse het ons broeders en susters van Pretoria hulle van hul taak gekwyd.

'n Titaniese stryd op Supersportpark waar die Drake moes les opsê en die knie buig voor die Titans. Dis nou eendagkrieket vir die leke onder ons (o, en WP is boaan die liga, vir dié wat gewonder het). Dit net so tussendeur. Ons was wel bly om te verneem dat alle takbökkies en elande van die Kaap veilig aangekom het. En dit eindig mos nie net daar nie, nee-o-nee, dis toe dat almal hulle verskuif het na Iwan se huis.

Sodat almal perdfrys kan wees vir Kongres, het ons natuurlik besluit om te deurnag. Wolter het 'n oplewing in gemoedere veroorsaak, maar daarna, toe die ooglede swaar begin raak het, die hasepad gekies. Dit het baie laat besluit om ook maar die handdoek in te gooi. Kyk as Wolter sê genoeg is genoeg, dan is die koeël deur die kerk. *No pun intended*. Maar gerugte beweer daar was twee ongeïdentifiseerde bittereinders. 'n Identikit is vrygestel en u kan gerus die outoriteite help en inligting deurgee. Besoek maar die webwerf: [deurnagsuckasjykoerantemoetaflewerdievolgendeoggend@lwan.Ronald.Beeld](mailto:deurnagsuckasjykoerantemoetaflewerdievolgendeoggend@lwan.Ronald.Beeld).

Soos die gebruik is in die hoë Noorde, word daar gebruik gemaak van oppashuise. Net 'n woordjie van gerusstelling aan ons ouer lesers en oppashuise se regmatige eienaars: huise word gerespekteer en in sy oorspronklike staat terugbesorg. So, sien ons nie as Filistyne nie - ons verkies die term gaste.

Daar is gesellig gekuier by verskillende huise en ons is opreg dankbaar. Almal was besonder gesellig. Spesiale vermelding aan Martyn Ros en een van die *bunch* Ziekmans. Hulle het doodluiters in die gietende reën gebaljaar in die swembad en die dames uit hulle nood gehelp deur hul handsakkies uit die reën te red met baie styl en 'manlike bravade'. Dit met 'n lerse gebrabbel in die agtergrond, afkomstig van een van ons oorsese gaste. Verder was daar 'n Kaas en 'n Aussie. Beide het hulle goed vermaak.

Ek is vermaan om nie te draal nie en ek het nog nie eens oor die Kongres gebrabbel nie. Dus, in kort, net die nodige kernwoorde: Spokie - lesings - loslappie - nat-piramide-skema - lapa - flitspatrollie - Shakespeare In Love - glimlaggie - konsentrasie - deursettingsvermoë - *Kongresbiggetje* - slange in dam? - paddakoor - smulpape - *physiotherapist*.

Hiermee is nog lank nie alles gesê nie. Maar vir die wat daar was, goeie herinneringe. Vir die res: vra uit. 'n Woord van dank aan almal wat verantwoordelik was vir die Kongres: kampouers, kok, Oros en Jo'burg vir ontspanning.

Alle goeie dinge kom tot 'n einde en ons moes die aftog blaas. Afskeid is moeilik vir almal, maar die wete dat aanstaande Kongres daar is, maak alles draaglik.

Wat nou op almal se lippe is ... hoekom word daar niks vermeld oor die Kaapse jeug nie? Wel, ek was so besig om te geniet dat ek moet skuldig pleit. Ek het nie goed opgelet nie. En die Kaapse jeug was so voorbeeldig (julle besef dat 'n tikselkje sarkasme hiervan afdrup!).

Om op te som: genotvol, leersaam en bemoedigend en natuurlik 'n klomp punte om oor te praat.

Volgende week in die Sleutelgat: Eksklusief oor die komende jaar se gebeure ...

# Voetspore

Sjoe, my geliefde jeuglede, het julle almal al volledig gerehabiliteer van alle sosiale aktiwiteite van die Desemberwakansie? Dit was nogals 'n besige tyd, wie kan nou nie saamstem nie?

Ons verhaal begin by 'n mooi Saterdagmiddag/aand, toe amper alle Kapenaars al vir Kongres hulle voete aan wal gesit het in die GP. Die jeug is in hulle volle getal uitgenooi vir 'n braai by Manie en Marlien van Heerden. Dit was heel indrukwekkend en interne kenners meen dat die plek nie te sleg sou doen as algemene ontspanningsoord nie, in dieselfde sin gesê as Silkaatsnek, Uniegeboue of Waverley Plaza. Die jeug was meer as 'n massa, maar die gasheer en -vrou het ondanks alles koel gebly, seker ook danksy die swembad. Dit was naamlik allesbehalwe rustig. Die rede hiervoor is onbekend, al vermoed dieselfde interne kenners dat dit dalk iets te doen moet hê met meneer Wallace Bijker.

Die Maandag daarna - slegs etlike ure voor Kongres - is die *replay* van die kuier in Waterkloof van alle plekke gehou. Gys moes 'n huis van een van sy dosente of professore oppas (geen wonder hy slaag alles cum laude nie), en die jeug mog weer laer opslaan. Ja, *somebody else's home is our castle*, dit was ongeveer die motto van die wakansie. Enige lesers wat nou dalk stres of hulle huis dalk in hul afwesigheid misbruik is, kan navrae doen by die Jeugsentrale. Geen verantwoordelikheid word vir enigiets aanvaar nie.

Oor die Kongres sal nie hier uitgebrei word nie, ek het verneem dat my kollega uit die Kaap die onderwerp aan die haak geslaan het. Wel moet aandag gegee word aan die nuwe gesig wat daar was. 'n Pienk gesiggie, kan mens maar sê. Nie net omdat hy uit Nederland kom nie, maar ook omdat hy die weledele Kampvark is. Janjaap Loeff was seker bang om saam met

Wallace en kornette met vakansie te gaan en het toe maar Kongres toe gegaan. Hy was dadelik 'n *Top Hit* gewees, en soos u weet, *hits* bly nooit lank *hits* nie, en ja, Janjaap is weer veilig in Nederland.

Na Kongres het die fees gewoon vrolik verder gegaan. Die jaarlikse sokkerwedstryd was ook 'n sukses, behalwe vir Willem Sterk, wat behalwe 'n doel ook 'n seer voet *ge-score* het. Harold, ons broeder uit die Kaap, het nogal beïndruk met sy debuut as sokkerspeler, alhoewel Sjirk dalk nie sal saamstem nie, omdat Harold veral uitblink in hospitaal-*tackles*. Daar is verneem dat Discovery Health 'n oproep gedoen het dat meneer Lotz nie moet sokker speel teen enige van sy kliënte nie.

Oujaarsaand was by Gerrit Kamphuis se plot. Wouter het toe tot sy skok agtergekom dat hy nie daar kan *computer* speel nie, maar oor die algemeen is die nag geniet. Iwan "Vusi" en Chrisjan het soos gewoonlik Kurt Darren (te veel) geadverteer, en dit het Oupa Antoine se hartjie sommer laat warm klop, omdat die "jongklomp so oulik fees vier op volkseie musiek".

En so is 2004 ingegaan en het die Kapenaars ook geleidelik GP uitgegaan. Wat dit inhou is soort van dat die lewe weer normaal raak. Die skoolgaande jeug gaan weer skool toe en die nie-skoolgaande jeug gaan weer nie skool toe nie. Veral vir die eksmatrieks is dit seker lekker. Nog baie geluk met julle uitslae!

En so eindig die verhaal. *So many stories, so little time*. Desember op 'n A4-tjie. Maar is een so 'n artikel van 579 woorde genoeg om die wonderlike wakansie te omskryf?

Gegroet  
Voetspore



## VERJAARSDAE

### Bethal

Marius Porter 3-Jan  
Melinda Deysel 23-Feb

### Kaapstad

Albert Drijfhout 04-Jan  
Elsje Scheltens 10-Jan  
Hester Douma 4-Feb  
Adriaan 8-Feb  
Carien Antonides 28-Feb

### Maranata

Ronnie van der Veen 07-Jan  
Astrid van der Sluis 12-Jan  
Anton Sterk 13-Jan  
Erik de Vries 14-Jan  
Kosie de Jager 18-Jan  
Daniël vd Meulen 29-Jan  
Ferdinand Kerkhoff 29-Jan  
Pieter vd Dolder 01-Feb  
Tanya Kampman 13-Feb  
Veronica Bouwmeester 20-Feb

### Pretoria

Iwan Agema 03-Jan  
Hans de Wit 09-Jan  
Marjan Middeljans 15-Jan  
Willemien Ros 17-Jan  
Arjan v Houweligen 18-Jan  
Janita Agema 25-Jan  
Marianne vd Horst 31-Jan  
Nicoline Bijker 03-Feb  
Wouter Ros 09-Feb  
Chris Stolper 10-Feb  
Gerrit Smit 17-Feb  
Eric Danielz 20-Feb  
Marita Ros 24-Feb  
Jako Lubbinge 27-Feb

## EK KAN NIE BID NIE

Ek kan nie bid **ONSE** as ek net vir myself lewe nie.

Ek kan nie bid **VADER** as ek nie sy kind is nie.

Ek kan nie bid **WAT IN DIE HEMEL IS** as ek nog aardsgebonde is nie.

Ek kan nie bid **LAAT U NAAM GEHEILIG WORD** as ek dit ydellik gebruik nie.

Ek kan nie bid **LAAT U KONINKRYK KOM** as ek nie sy Woord uitdra nie.

Ek kan nie bid **LAAT U WML GESKIED** as ek altyd my eie sin wil hê nie.

Ek kan nie bid **OM MY DAAGLIKSE BROOD** as ek spandabelrig lewe nie.

Ek kan nie bid **SOOS ONS ONS SKULDENAARS VERGEWE** en met 'n wrok rondloop nie.

Ek kan nie bid **LEI ONS NIE IN VERSOEKING NIE** as ek met sonde speel nie.

Ek kan nie bid **AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK** as ek Hom nie dien nie.

Ek kan nie bid **EN DIE KRAG** as daar nog vrees in my hart is nie.

Ek kan nie bid **EN DIE HEERLIKHEID** as ek my eie lewe regeer nie.

Ek kan nie bid **TOT IN EWIGHEID** as ek nie sy koms verwag nie.

Ek kan nie bid **AMEN** as ek nie kinderlik glo nie.

Alle jeug bo 16 word hartlik uitgenooi na 'n  
Bybelstudie saam met Soshanguve- en Mamelodi-jeug

Datum: 21 Februarie 2004

Plek: Pretoria Kerksaal

Onderwerp: Fliëkbespreking - *Mist of Avalon*

Tyd: 09:30

Middagete sal verskaf word, so kom geniet die dag  
saam met ons!

Sperdatum vir die volgende uitgawe:

15 Februarie 2004